Brief aan ons ouers Junior Kategese, 2014

Sondagskool - hoe werk dit alles?

Liewe Ouers,

As jy hierdie brief ontvang, beteken dit dat jou kind/kinders by ons in die NG Gemeente van Rietfontein-Suid in die Junior Kategese of Kleuterkerk is.

In die omgangstaal praat ons sommer nog van Sondagskool en die doel van hierdie brief is om vir jou te vertel hoe alles by ons werk.

Sondagskoolafsprake

Kyk op die volgende bladsy vir die eerste kwartaal se datums en plak dit sommer op jou yskas om dit byderhand te hê.

Daar is nie Sondagskool tydens langnaweke of vakansies nie, maar wel tydens die Nagmaals-dienste.

Sondae

- 08:50 - 10:15

Ons begin Sondae om 08:50 al saamsing in die saal. Om 09:00 begin die erediens vir al die kinders saam.

Die liturgiese orde word ook gevolg, maar op hulle vlak - daarna verdaag hulle na hul onderskeie klasse waar hulle tot 10:15 gehou mag word.

Die Kategete doen 'n spesifieke les met die kinders volgens die kwartaaltema. Daar gaan baie voorbereiding in ons lesse in, sodat dit baie spesiaal vir hulle gemaak word.

Ons probeer tydens elke les die kinders se gedagtes en hulle hande besig hou deur altyd iets kreatief in te sluit wat hulle self moet maak.

Ons tyd is ongelukkig baie min en daarom vra ons dat julle nie voor 10:15 die kinders kom haal nie.

Werkswinkels

Elke laaste Sondag van 'n kwartaal probeer ons spesiale werkswinkels hou, waar die kinders kans kry om almal saam in die saal te teken / verf / plak en die tema van die kwartaal uit te beeld op 'n kreatiewe manier.

Ons nooi julle uit om te kom kyk na jul kinders se skeppings - dis wonderlik om te sien hoe hulle interpreteer wat hulle van God geleer het!

Gesinne in Harmonie Dienste

Een erediens per kwartaal word spesifiek gewy aan ons gesinne, omdat ons as gemeente besef dat daar baie min spesiale geleenthede in vandag se gejaagde lewe is om as 'n gesin tyd saam deur te bring.

Op hierdie Sondae is daar dus nie Sondagskool nie, sodat die kinders en ouers die geleentheid kry om saam as 'n familie die erediens by te woon.

Penniefluitjie

Die kinders het hul eie nuusblad - kyk gerus onder **Die Koffiepot** op ons webblad en laai die ouer uitgawes af.

Spesiale reëlings

In die derde kwartaal in 2013 met die Sleutels vir Lewe tema, het die kinders soggens saam met hul ouers eers kerk toe gegaan en dan na die votum en seëngroet met die laaste lofsang uitgestap en dan het ons met hul klasse begin.

Ons wil baie graag die bywoning van kerkdienste saam met hul ouers aanmoedig en sal dus hierdie jaar weer tyd afstaan om

Alles vir God se goedkeuring en glimlag!

NG Gemeente Rietfontein-Suid

NG Kerk Rietfontein-Suid

Ons Gee Om

Webadres:
http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/

Jubeljaar:

Rietfontein-Suid is 60!

Jan de Wet
kom weer kuier en is die Sondagoggend, 2 Februarie saam met ons in die kerk.

Bring dus julle kinders om saam fees te vier!

Spesiale Projekte

Sending:
- **Sergiy van die Oekraïene**

In ons gemeenskap:
- **Huis Quanessa**

In ons gemeente:
- **Klaskamers vir Sondagskool - indeling en opgradering**

Brief aan ons ouers
Junior Kategese, 2014

NG Gemeente Rietfontein-Suid

NG Kerk Rietfontein-Suid

Ons Gee Om

Sondagskool - hoe werk dit alles?

soortgelyke geleenthede te skep.

Ouers sal deur middel van die afkondigings in die kerk **(die elektroniese bord en die Rietnuus)** ingelig word. Hou ook die **webblad** dop vir enige aankondigings.

Inskrywings vir 2014

Sonder die samewerking van ons ouers, sal daar nie 'n Sondagskool wees nie.

Ons kategete is 'n entoesiastiese groep mense wat almal 'n passie vir julle kinders het en nie kan wag om Sondagoggende die klomp kleintjies te sien en saam met hulle te kuier nie.

Bring dus gerus jul kinders en kom skryf hulle op **19 Januarie 2014** in vir die jaar. Die inskryfvorms is op die webblad beskikbaar.

'n Inskrywingsfooi van net **R20,00 per kind** vir die hele jaar word waardeer!

Hierdie geld word gebruik vir die aankoop van hulpmiddele vir ons werkswinkels (verf, plakkate, inkleurkryte, gom, versierings, ens.)

Ons sien uit na 'n wonderlike jaar saam met julle kinders!

Webadres:
http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/

Kontakbesonderhede:

Lita Spreeth
(Taakspanleier)
082 453 8421

Elma du Plessis
(Sondagskoolleier)
079 5279 412

Elbie Ferreira
(Tesourier)
073 2814 128

Kategete vir 2014

Voorlopige Indeling

Kleuters (3-4 jariges)
Leoni Gobey
083 7549 405

Graad R (5-jariges)
Amelia Smit
072 414 9309

Graad 1
Martjie du Plessis
082 716 0791

Graad 2
Elbie Ferreira
073 281 4128

Graad 3 en 4
Talita Fourie
076 1079 988

Graad 5
Elma du Plessis
079 5279 412

Graad 6
Elsa van Eck
082 468 0722

Graad 7
Johan Smit
084 5018 376

Datums

Eerste Kwartaal

Januarie
19 - Registrasie; Klasindeling; Kenmekaar
26 - Gewone klasse

Februarie
2 - Feesnaweek; Kinders saam met ouers en ds. Jan de Wet in die kerk
9, 16, 23 - Gewone klasse

Maart
2, 16 - Gewone klasse
9 - Gesinne in Harmonie: Kinders saam in die kerk
NB: Inhandiging van geldbome met bydraes vir Sergiy (SSG)

23 - Werkswinkel

Skole sluit 28 Maart 2014 en heropen op 7 April 2014

Ons begin weer op Sondag 13 April 2014

Alles vir God se goedkeuring en glimlag!